

# HOËRSKOOLO JAN VAN RIEBEECK

Kloofstraat 129, TUINE, Kaapstad, 8001. Tel. nr.: 021 423-6347, Faks: 021 424-5520

ontvangs@janvanriebeeck.co.za

Hierdie is die

## GEDRAGSKODE VIR LEERDERS 2017

soos goedgekeur deur die Beheerliggaam



### ONS VISIE

'n Skool:

- wat onderrig van hoogstaande gehalte in 'n veilige leeromgewing bied.
- wat analitiese vermoë, kreatiewe denke, selfstandigheid, selfvertroue en empatie in elke leerder ontwikkel en aanmoedig.
- wat leerders toerus om die uitdagings van die toekoms vasberade en met vertroue aan te durf;
- waar ons mekaar ondersteun in eendersheid en andersheid;
- waar ons geesdriftig deelneem aan akademie, sport en kultuur omdat ons kan en wil.

### ONS MISSIE

Ons strewe daarna:

- om ons Afrikaanse taal te handhaaf en die grondliggende waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid wat in ons Grondwet verskans is, uit te leef;
- om eie kultuurskatte te waardeer, maar ook dié van ander te respekteer;
- om 'n weldeurdagte, goedgebalanseerde opvoeding aan jong wêreldburgers te bied;
- om te alle tye aan ons integriteit, trots en uitnemendheid geken te word;

## **ONS WAARDESTELSEL**

- Daarstelling van waardegedrewe en professionele onderwys.
- Bevordering van akademiese prestasie en die skep van 'n leerkultuur.
- Handhawing van dissipline en kweek van selfdissipline.
- Effektiewe bestuur en leierskap.
- Bevordering van kreatiwiteit.
- Die kweek van 'n gesonde mededingingsgees.
- Ontwikkeling van elke leerder se volle potensiaal.
- Bevordering van gelykheid en menswaardigheid.
- Kweek en handhawing van respek en lojaliteit teenoor die skoolgemeenskap en -omgewing

## **ONS EREKODE**

- Ek is 'n leerder van Hoërskool Jan van Riebeeck en ek is trots om 'n Jan van Riebeecker te wees.
- Ek sal deurentyd, binne en buite skoolverband, só optree dat ek nooit 'n verleentheid vir my skool is nie.
- My skooldrag is my trots en ek sal my korrek en met sorg klee.
- Ek hou my skoolterrein netjies en mooi.
- Ek onderneem om my skoolwerk getrou en na die beste van my vermoë te doen.
- Ek is hoflik en vriendelik en betoon eerbied aan my medemens.
- My taalgebruik is altyd beskaafd. Ek vloek nie, besit of versprei nie onweloweglike materiaal nie.
- Ek is lojaal teenoor Hoërskool Jan van Riebeeck en praat nie neerhalend van my skool en onderwysers nie.
- Ek onderwerp my aan gesag en handhaaf alle skoolreëls.
- As gas by 'n ander skool gedra ek my onberispelik.
- Ek respekteer geloofsvryheid en kultuurverskille.
- Ek onderneem om my nie skuldig te maak aan haatspraak, onweloweglike gedrag, seksisme of rassisme nie.

## **INHOUDSOPGAWE**

### **DEEL 1: GEDRAGSKODE- EN REËLS**

#### **INLEIDING**

- 1 Status en doel van gedragskode
- 2 Algemene gedrag en optrede
- 3 Klasreëls
- 4 Skoolreëls

#### **SKOOLDRAG EN VOORKOMS**

- 5 Algemene voorskrifte
- 6 Voorgeskrewe skooldrag
  - 6.1 Somersdrag
  - 6.2 Wintersdrag
  - 6.3 MBK-drag
  - 6.4 Sportdrag
- 7 Skooltasse
- 8 Voorkoms
  - 8.1 Hare
  - 8.2 Juwele
  - 8.3 Naels
  - 8.4 Grimering en lyfkuns
  - 8.5 Sivië-dae

#### **GEDRAG BY SPORT- EN BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

- 9 Deelnemers aan sport- en buitemuurse aktiwiteite
- 10 Toeskouers en ondersteuners by sport- en ander buitemuurse aktiwiteite

#### **DIVERSE**

- 11 Skooleiendom
- 12 Skoolkennisgewings
- 13 Skoolwerk en huiswerk
- 14 Indiening van assesseringstake
- 15 Toetse en eksamens
- 16 Beweging in en om die skoolgebou
- 17 Selfone, iPod's, Mp3 en ander elektroniese toerusting

- 18 Kleedkamerbesoeke
- 19 Besoekers
- 20 Stiptelikheid
- 21 Eet- en drinkgoed
- 22 Afwesigheid van skool
- 23 Skoolverlating gedurende skoolure
- 24 Omgewing
- 25 Motorvoertuie en motorfietse
- 26 Vrystelling van bepalings van die gedragskode

## **DEEL 2: DISSIPLINE-STELSEL EN PROSEDURE VIR DISSIPLINÊRE OPTREDE TEEN LEERDERS**

- 1 **ALGEMEEN**
- 2 **KATEGORIEË VAN OORTREDINGS EN STRAFPUNTE**
  - 2.1 **Akademiese oortredings**
  - 2.2 **Gedrags- en verantwoordelikheidsoortreding**
  - 2.3 **Ernstige wangedrag wat tot skorsing of uitsetting kan lei**
- 3 **DISSIPLINÊRE PROSEDURES:**
  - 3.1 **Akademiese, gedrags- of verantwoordelikeids-oortredings**
  - 3.2 **Ernstige wangedrag**
  - 3.3 **Oortreding van koshuisreëls**
  - 3.4 **Strafregtelike oortreding**

## **DEEL 3: ETIEKKODE**

- 1 Bewoording van Etiekkode

## **DEEL 1: GEDRAGSKODE- EN REËLS**

### **1. STATUS EN DOEL VAN GEDRAGSKODE**

- 1.1 Hierdie dokument is die gedragskode van Hoërskool Jan van Riebeeck soos deur die beheerliggaam goedgekeur.
- 1.2 Die beheerliggaam het die ouers, leerders en opvoeders van die skool oor die inhoud van die gedragskode geraadpleeg. Die gedragskode is opgestel in ooreenstemming met:
  - 1.2.1 die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996;
  - 1.2.2 die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ("die SA Skolewet");
  - 1.2.3 die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996;
  - 1.2.4 die Riglyne vir Gedragskode vir Leerders (Algemene Kennisgewing 776 in Staatskoerant 18900 van 15 Mei 1998);
  - 1.2.5 die Regulasies met betrekking tot Apparate vir Dwelmtoetsing en die Prosedure wat gevolg moet word (GK 1140 in Staatskoerant 31417 van 19 September 2008);
  - 1.2.6 die Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (GK 1040 in Staatskoerant 22754 van Oktober 2001, soos gewysig);
  - 1.2.7 die Wes-Kaap Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997, (Wet 12 van 1997) ("die Wes-Kaapse Skolewet");
  - 1.2.8 die Regulasies betreffende dissiplinerig, skorsing en uitsetting van leerders in openbare skole soos vervat in P.K. 365/2011 in Wes-Kaapse Buitengewone Provinsiale Koerant 6939 van 15 Desember 2011 ("die Wes-Kaap Dissipline Regulasies"); en
  - 1.2.9 enige ander toepaslike provinsiale wetgewing en regulasies.
  - 1.2.10 tersaaklike hofuitsprake deur Suid-Afrikaanse howe.
- 1.3 Hoewel die Staat verplig bly om opvoeding beskikbaar en toeganklik te maak, moet dit aangevul word met die toewyding en verbintenis van verantwoordelike rolspelers, naamlik opvoeders, leerders en ouers. Hierdie gedragskode is bedoel om sodanige toewyding en verbintenis te bevorder.

- 1.4 Die doel van hierdie gedragskode is om 'n veilige, gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing en koshuisomgewing te vestig wat toegewy is aan die bevordering en handhawing van die gehalte van die leerproses.
- 1.5 Die gedragskode onderskryf die skool se missiestelling.
- 1.6 Leerders en hul ouers/voogde moet hulself van die skool se gedragskode en die bepalings daarvan vergewis. Sodra leerders by die skool/koshuis ingeskryf is, is hulle onderworpe aan die gedragskode, en moet hulle dit stiptelik nakom. Indien leerders die gedragskode oortree of minag, sal daar ooreenkomstig die dissiplinêre prosedure vir leerders teen hulle opgetree word.

## **2. ALGEMENE GEDRAG EN OPTREDE**

- 2.1 Leerders moet hulle te alle tye as goeie ambassadeurs van die skool en ooreenkomstig die etiek-kode van die skool gedra.
- 2.2 Terwyl leerders in die skool se drag of enige gedeelte daarvan geklee is wat voldoende is om hulle in die oë van die publiek met die skool te verbind, of terwyl leerders die skool verteenwoordig, hetsy direk of indirek, hetsy as deelnemers, ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins, moet hulle hul van enige gedrag weerhou wat die skool, personeel of hul medeleerders in 'n slegte lig kan stel.
- 2.3 In hul wisselwerking met die skoolhoof, adjunkhoof, opvoeders en ander skoolpersoneel, moet leerders te alle tye die nodige hoflikheid en respek betoon en hulle weerhou van optrede wat op oneerbiedigheid of opstandigheid neerkom.
- 2.4 In hul wisselwerking met mekaar, moet leerders sover moontlik selfbeheersing aan die dag lê en wedersydse respek en verdraagsaamheid betoon. In die besonder moet leerders hulle weerhou van enige gedrag wat daarop gemik is om die fisieke, geestelike en morele welstand van enige ander leerder te skend.
- 2.5 Enige seksuele of onbehoorlike fisiese kontak tussen leerders op die skoolterrein of enige ander plek waar hulle as leerders van die skool uitgeken kan word, is streng verbode.
- 2.6 Leerders moet te alle tye op die skoolterrein en in die klaskamer opstaan as 'n volwassene hulle nader of 'n klas binnekom; beleefd wees teenoor besoekers; behulpsaam wees en groet; respek toon vir die nasionale lied en vlag asook vir die skoolvlag, skoolwapen en skoollied.

- 2.7 'n Opvoeder van die skool sal oor dieselfde regte as 'n ouer beskik wat betref die beheer en dissipline van die leerder volgens die gedragskode, sowel gedurende die leerder se skoolbywoning as gedurende enige skoolaktiwiteit.
- 2.8 Leerders mag nie in die volgende lokale eet of drink nie: klaskamers, skoolsaal, biblioteek, navorsingsentrum, administratiewe kantore en kleedkamers.
- 2.9 Die kou van kougom gedurende skoolaktiwiteite is verbode.
- 2.10 Die rook, besit en/of gebruik van tabakmiddels, drank, ander alkoholiese middels of dwelmmiddels gedurende enige skoolaktiwiteit of wanneer leerders in skooldrag geklee is, is verbode.
- 2.11 Geen leerder mag wapens van enige aard op die skoolterrein hê nie. In geval van 'n redelike vermoede dat leerders hulself aan 'n oortreding van hierdie gedragskode of die landswette skuldig gemaak het, het die skoolhoof of opvoeder die reg om sodanige leerders en/of die eiendom in hul besit vir enige gevaarlike wapens, gewere, dwelms of ander skadelike en gevaarlike middels, gesteelde goedere of pornografiese materiaal, wat die leerders moontlik op die skoolterrein kon bring te deursoek.
- 2.12 Die skool het ook die reg om 'n leerder te toets vir dwelms wanneer 'n sterk vermoede bestaan dat sodanige leerder 'n gebruiker is.
- 2.13 Sodanige leerders se menswaardigheid sal deurentyd gerespekteer word, en dus sal die deursoeking privaat, deur persone van dieselfde geslag, en in die teenwoordigheid van nog 'n persoon geskied. Die deursoekingsproses en –uitkoms moet opgeteken word.
- 2.14 Enige optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die skool onbillik benadeel, sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.
- 2.15 Skuldigbevinding deur 'n hof aan 'n strafregtelike oortreding sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.
- 2.16 Die sanksies vir oortreding van hierdie gedragskode, hetsy opgelê deur die skool intern of deur die beheerliggaam nadat die skoolhoof 'n aangeleentheid na hom verwys het, of deur die Departementshoof van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, word uiteengesit in Deel 2 hierna.

### **3. KLASREËLS**

- 3.1 Die klasopvoeder sal, na oorleg met die klasleerders klasreëls opstel wanneer hierdie gedragskode aanvaar word, en ook aan die begin van elke daaropvolgende skooljaar.
- 3.2 Die klasreëls sal skriftelik opgestel word en-
  - 3.2.1 onmiddellik by die skoolhoof ingedien word;
  - 3.2.2 in duidelik leesbare skrif op 'n prominente plek in die klaskamer aangebring word; en
  - 3.2.3 gereeld met leerders se aandag gebring word.
- 3.3 Leerders moet stiptelik en volledig voldoen aan die klasreëls sowel as enige mondelinge opdragte wat die klasopvoeder of enige personeellid gee, en wat redelikerwys noodsaaklik is om hierdie gedragskode uit te voer en/of om die skool behoorlik en professioneel te bestuur.
- 3.4 Enige oortreding van die klasreëls sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode en skoolreëls beskou word.

### **4. SKOOLDRAG EN VOORKOMS:**

Jan van Riebeeck se leerders is al vir baie jare duidelik herkenbaar in Kaapstad en omstreke. Hulle is te alle tye beelddraers en ambassadeurs van die skool, daarom word verwag dat voorgeskrewe skooldrag gedra sal word soos hieronder uiteengesit.

### **5. ALGEMENE VOORSKRIFTE**

- 5.1 Die voorgeskrewe skooldrag moet gedurende skoolure en tydens ander skoolaktiwiteite, soos deur die beheerliggaam bepaal, gedra word.
- 5.2 Kombinasies van skool-/sportdrag en private drag is ontoelaatbaar.
- 5.3 Skoolklere moet altyd skoon, heel, gestryk en nétjies wees.
- 5.4 Skoolskoene moet gepoets en sonder Tipp-ex of ander graffiti wees.
- 5.5 Skoolbaadjies is verpligtend by alle saalbyeenkomste, amptelike skoolgeleenthede en gedurende die tweede en derde kwartale.
- 5.6 Skoolbaadjies is te alle tye die eerste warm kledingstuk wat 'n leerder mag dra. Dit beteken dat leerders bykomende warm kleding mag dra, maar nooit 'n langmou-skooltrui alleen nie.



- 5.7 Skoolbaadjies moet te alle tye met korrekte knope toegeknoop wees.
- 5.8 'n Skoolbaadjie mag nooit sonder 'n das gedra word nie.
- 5.9 'n Langmou-skoolhemp mag nie sonder 'n skooldas gedra word nie.
- 5.10 Slegs lapelwapens wat 'n prestasie of posisie in skoolverband aandui, mag gedra word.
- 5.11 Geen musse of hoofbedekkings buiten dié wat in die kleredragreëls voorgeskryf word, mag gedra word nie.
- 5.12 Hoofbedekkings mag nie binnemuurs gedra word nie.
- 5.13 Matriektruie en gewone skooltruie mag nie gelyktydig gedra word nie, so ook nie skooltruie en moulose truie nie.
- 5.14 Kleurbaadjies en langbroeke moet mag nie opsigtelik afgestik wees nie. Skoolrompe moet 15cm vanaf die vloer wees wanneer daar op die knieë gestaan word, en mag nie bo opgerol word nie.
- 5.15 Die skoolhoof mag na goeë dunke toestemming verleen dat leerders by sekere geleenthede privaatdrag dra. Sodanige drag moet altyd netjies en welvoeglik wees.
- 5.16 Slegs Hoërskool Jan van Riebeeck-toekenings, -lapelwapens, -aansteekspelde en -balkies mag op skoolbaadjies gedra word.

## 6. VOORGESKREWE SKOOLDRAG

*Alle items gemerk met 'n (\*) is slegs by die skool beskikbaar*

*Die reënbaadjie is opsioneel en mag slegs op reëndae en buitemuurs gedra word. 'n Skoolpet (opsioneel) word aanbeveel vir MBK-periodes en veral vir krieket, tennis en atletiek.*

### 6.1 Somersdrag

#### **Dogters**

- Skoolbaadjie verpligtend op Maandae;
- Skooldas verpligtend saam met skoolbaadjie;
- Vlootblou skoolromp verpligtend;
- Wit kortmou skoolhemp met skoolwapen op sak;
- Swart toerygleerskoene of swart leerskoene met gespes - verpligtend;
- Wit enkelsokkies wat eenkeer omgevou kan word - verpligtend;

- Donkerblou lint, rekkies, knippies of bruin kammetjies vir hare - waar van toepassing;
- Wit haarlint slegs vir matriekraadslede;
- Geen breë kopbande;
- Moullose blou oortrektrui mag in die somer saam met 'n wit kortmouhemp gedra word.

### **Seuns**

- Skoolbaadjie verpligtend op Maandae;
- Skooldas is verpligtend saam met 'n skoolbaadjie;
- Grys kortbroek/langbroek met grys/swart gordel;
- Wit skoolhemp met skoolwapen op sak;
- Grys skoolkouse;
- Swart toerygleerskoene - Bronx, Bata, Grasshopper of Green Cross wat gepoets kan word. (Aanglipskoene en skoene met gespes is ontoelaatbaar.)
- \* Moullose blou oortrektrui mag in die somer saam met 'n wit kortmouhemp gedra word.

## **6.2 Wintersdrag**

### **Dogters**

- Skoolbaadjie daaglik verpligtend;
- Wit langmou skoolhemp met skooldas - verpligtend;
- Vlootblou skoolromp verpligtend;
- Vlootblou skoollangbroek opsioneel;
- Lang swart broekiekouse - ondeursigtig en sonder patrone;

- Langmou v-nek skooltrui (opsioneel). Mag slegs onder 'n skoolbaadjie gedra word;
- JvR-skoolserp (opsioneel) mag slegs saam met skoolbaadjie gedra word;
- Skoolskoene - soos somersdrag;
- Haarbenodigdhede - soos somersdrag.

## **Seuns**

- Skoolbaadjie daaglik verpligtend;
- Wit langmou skoolhemp met skooldas verpligtend;
- Grys kortbroek/langbroek met swart gordel;
- Grys skoolkouse of grys sokkies
- Skoene - soos somersdrag
- Langmou v-nek skooltrui (opsioneel). Mag slegs onder 'n skoolbaadjie gedra word;
- JvR-skoolserpe is opsioneel en mag slegs saam met skoolbaadjies gedra word.

## **6.3 MBK-drag**

- MBK-drag (wit JvR-sporthemp en vloodblou JvR-sportbroek) is verpligtend. Dit word gedra tydens:
  - MBK-periodes
  - Die Atletiekseisoen
  - Verskeie ander sportsoorte

## **6.4 Sportdrag**

- Skoolsweetpak opsioneel, maar word sterk aanbeveel vir leerders wat aan sport deelneem;
- Voorgeskrewe sportdrag verpligtend vir sportkodes waaraan 'n leerder deelneem.

Alle sportdrag, behalwe eerstespandrag (rugby, hokkie en netbal) is by die klerebank te koop:

- Eerstespan-drag: rugby, hokkie en netbal;

## **7. SKOOLTASSE**

- 'n Donkerblou skooltas met versterkings om handboeke te beskerm of 'n stewige donkerblou rugsak met versterkings;
- Die volgende is ontoelaatbaar:
  - Seil rugsakke sonder versterking;
  - Graffiti, plakkers, kentekens, Tipp-ex, verf op skooltasse.

\*\*\*

## **8. VOORKOMS**

### **8.1 Hare**

#### **Dogters**

- Kuiwe moet minstens een vingerbreedte bokant die wenkbroulyn wees en mag nie in die gesig hang nie.
- Sodra hare aan die kraag raak, moet dit stewig gevleg of vasgemaak word.
- Haarkleur moet te alle tye natuurlik vertoon. Geen onnatuurlike strepe word toegelaat nie.
- Geen los slierte wat langs die gesig en in die oë hang, word toegelaat nie.
- Verlengstukke en pruie is onderhewig aan dieselfde reëls as vir hare.
- Haarstyle mag nie volgens 'n modegier wees en onnodige aandag trek nie.

#### **Seuns**

- Baarde en snorbaarde word nie toegelaat nie – seuns moet soggens skoongeskeer wees.
- Hare moet kort en netjies geknip wees.
- Hare mag nie aan die ore raak wanneer dit regaf gekam word nie.

- Kuiwe moet minstens een vingerbreedte bokant die wenkbroulyn wees, en mag nie in die gesig hang nie.
- Wangbaarde mag net tot by die middel van die oor strek.
- Hare moet agter reëlmatig opgesny word.
- Haarkleur moet te alle tye natuurlik vertoon. Geen onnatuurlike strepe word toegelaat nie.
- Wenkbroue mag nie onnatuurlik geskeer word nie.

## 8.2 **Juwele (seuns en dogters)**

Geen juwele word toegelaat nie, behalwe: polshorlosies en mediese kettinkies, een standaard goue of silwer ringetjie of knope (3mm) in die onderpunt van elke oorlel (slegs vir dogters). Ontoelaatbare juweliersware sal afgeneem en veilig bewaar word tot aan die einde van die betrokke kwartaal.

## 8.3 **Naels (seuns en dogters)**

- Naels moet kort, netjies en natuurlik wees.
- Naels mag nie oor die vingerpunte steek nie.
- Slegs kleurlose naellak is toelaatbaar (slegs vir dogters).

## 8.4 **Grimering en lyfkuns (seuns en dogters)**

- Geen opsigtelike grimering word toegelaat nie.
- Geen sigbare lyfkuns soos liggaamsjuwele, tatoeërmerke en/of bende-kentekens is toelaatbaar nie.

## 8.5 **Sivvie-dae**

- Ontspanningsdrag moet netjies, betaamlik en smaakvol wees.
- Geen kledingstukke met afstootlike of onvanpaste slagspreuke of ontwerpe op nie.
- Dogters mag ligte natuurlike grimering dra.
- Geen juweliersware buiten polshorlosies mag gedra word nie.
- Musse en pette mag nie gedra word nie.
- Netjiese gemaklike skoene moet gedra word.

## **GEDRAG BY SPORT- EN BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

### **9. DEELNEMERS AAN SPORT- EN BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

- 9.1 Leerders wat die skool in enige sport- of ander aktiwiteite verteenwoordig, moet gedurende en na deelname aan sodanige aktiwiteit in die sportdrag, skooldrag of ander voorgeskrewe drag geklee wees soos wat die opvoeder wat vir daardie aktiwiteit verantwoordelik is, bepaal.
- 9.2 Alle leerders wat aan aktiwiteite deelneem, moet lojaal wees teenoor die skool en mede-deelnemers. In die besonder moet deelnemers betyds en stiptelik by die plek aanmeld waar die aktiwiteit plaasvind of van waar na die betrokke plek vertrek word.
- 9.3 'n Leerder mag onder geen omstandighede sy skool en/of span in die verleentheid stel deur nie op te daag vir 'n kompetisie of wedstryd waarin hy/sy die skool verteenwoordig nie.
- 9.4 Indien 'n spanlid weens onvoorsiene omstandighede nie 'n kompetisie/wedstryd kan bywoon nie, moet die afrigter betyds in kennis gestel word sodat 'n plaasvervanger gevind kan word.
- 9.5 'n Leerder wat hom/haarself bereid verklaar om die skool in 'n bepaalde aktiwiteit te verteenwoordig moet, tensy onvoorsiene omstandighede dit verhoed, bereid wees om vir die hele seisoen van die bepaalde aktiwiteit betrokke te bly.
- 9.6 Leerders wat die skool by sportaktiwiteite verteenwoordig, moet te alle tye hoflik optree teenoor, en aan die beslissings, voorskrifte en opdragte voldoen van:
  - 9.6.1 die sporthoof en die opvoeder wat by die bepaalde sport betrokke is;
  - 9.6.2 die skeidsregter of beoordelaar ten aansien van die betrokke aktiwiteit; en
  - 9.6.3 die spankaptein.
- 9.7 Alhoewel daar aanvaar word dat leerders wat aan sportaktiwiteite deelneem dit met oorgawe en volle inspanning doen, moet sodanige leerders steeds selfbeheersing en dissipline aan die dag lê. In die besonder moet leerders hulle van enige onsportiewe gedrag,

onweloweglike of beledigende taal, betrokkenheid in gevegte of voorvalle, of enige vuil of onbehoorlike spel weerhou.

## **10. TOESKOUERS EN ONDERSTEUNERS BY SPORT- EN ANDER BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

- 10.1 Alle leerders wat 'n skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, moet, benewens die nakoming van die bepalings van hierdie gedragskode, hulle van ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodig-opruierende of onbetaamlike gedrag weerhou. In die besonder mag leerders nie negatief op die beslissings van beoordelaars of skeidsregters reageer nie.
- 10.2 Leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, moet hulle onderwerp aan en neerlê by enige opdragte en aanwysings wat hulle voor, gedurende én na afloop van die betrokke aktiwiteit ontvang van die skoolhoof, enige opvoeder, lid van die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL), ander skoolleiers, of ouers wat deur die skoolhoof aangestel is om met die vervoer, toesig of beheer van leerders te help wat na of van die betrokke aktiwiteit vervoer word, of dit bywoon.
- 10.3 Bostaande reëls geld ook enige deelname aan enige ander buitemuurse aktiwiteite buiten sport, behalwe waar dit ooglopend nie van toepassing is nie.
- 10.4 Tensy anders gereël, woon toeskouers alle skoolfunksies in volle skooldrag by.

## **DIVERSE**

### **11. SKOOLEIENDOM**

- 11.1 Skooleiendom sluit die volgende in:
  - 11.1.1 Die terrein en geboue wat deur die skool besit word sowel as enige permanente aanhegting/s aan sodanige terrein en geboue.
  - 11.1.2 Alle ander eiendom (wat toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie e.d.m. insluit) wat die skool besit, huur of berg, of

vir die beskadiging of verlies waarvan die skool wetlik aanspreeklik gehou kan word.

- 11.2 Aangesien die skool opgerig en ontwikkeling is vir gebruik deur alle leerders wat daar skoolgaan, is alle leerders verplig om alles in hul vermoë te doen om die skool se eiendom te bewaar, sodat dit tot voordeel van alle huidige en toekomstige leerders van die skool gebruik kan word.
- 11.3 Geen leerder mag enige skoleiendom van die skoolperseel verwyder sonder die vooraf-toestemming deur die skoolhoof of 'n opvoeder van die skool nie.
- 11.4 Leerders mag nie enige eiendom van die personeel van die skool, medeleerders, besoekers aan die skool, of lede van die publiek hanteer, beskadig, merk, skend of vernietig nie. Hierdie reël geld eiendom op die skoolterrein, in die onmiddellike omgewing van die skool, by of naby die plek van enige skoolaktiwiteit, sowel as enige voertuig waarmee leerders vervoer word en die eiendom daarop of daarin.
- 11.5 Enige leerder wat enige skoleiendom opsetlik misbruik, beskadig of verniel, moet dit vervang of daarvoor betaal. Vernietiging en/of beskadiging van eiendom is 'n strafbare oortreding.

## **12. SKOOLKENNISGEWINGS**

Alle leerders is verplig om alle kennisgewings wat die beheerliggaam, skoolhoof of 'n opvoeder van die skool vir die doel aan leerders uitreik, aan hul ouers te oorhandig en om enige ontvangserkenning wat die ouers moet voltooi, stiptelik aan die klasopvoeder te voorsien.

## **13. SKOOLWERK EN HUISWERK**

- 13.1 Daar moet te alle tye 'n ordelike atmosfeer in die klaskamer heers. Leerders mag nie onderrig versteur of verhinder nie.
- 13.2 Leerders moet te alle tye die voorgeskrewe klasreëls van 'n bepaalde klas gehoorsaam.
- 13.3 Leerders moet klasopdragte stiptelik nakom.
- 13.4 Alle leerders moet 'n huiswerkboek ingevolge die skoolhoof of klasopvoeder se voorskrifte hou en bywerk.



- 13.5 Leerders moet die voorgeskrewe huiswerk doen en dit stiptelik teen die bepaalde spertyd by die betrokke opvoeder indien. Versuim om aan hierdie reël te voldoen kan slegs verskoon word indien die leerder op die dag waarop die huiswerk voltooi moes wees, 'n skriftelike nota van sy/haar ouers met 'n aanvaarbare verduideliking vir die versuim aan die opvoeder oorhandig.
- 13.6 Alle leerders moet hul voorgeskrewe skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding doen om sodoende 'n positiewe werksetiek te ontwikkel. Versuim om sonder 'n aanvaarbare verskoning aan hierdie reël; te voldoen, sal as 'n oortreding beskou word.
- 13.7 Leerders is verplig – en moet eie inisiatief neem – om enige werk wat hulle misgeloop het, so spoedig moontlik in te haal. Dit is nie die onderwysers se verantwoordelikheid nie.

## **14. INDIENING VAN ASSESSERINGSTAKE**

Dit is die taak van die onderwyser om te sorg dat take betyds aan leerders gegee word: op skrif, met deeglike voorskrifte, 'n rubriek waarvolgens die taak geassesseer word, asook 'n vasgestelde indieningsdatum. Indien al die bogenoemde voorwaardes noukeurig nagekom is en 'n leerder versuim om die taak betyds in te handig, geld die volgende bepalings:

- 14.1 'n Leerder wat versuim om 'n taak op die vasgestelde inhandigingsdatum in te handig, word met 100 punte gestraf.
- 14.2 Dit beteken dat die leerder die eerste daaropvolgende detensieklas moet bywoon waartydens die leerder die spesifieke taak moet afhandel en inhandig.
- 14.3 Tydens die detensieklas moet alle inligting en navorsingsmateriaal om die taak te voltooi, in die leerder se besit wees.
- 14.4 Die assesseringstaak, wat direk na die detensieklas ingehandig word, sal gemerk word as deel van die leerder se DASS-punt.
- 14.5 Graad 12-leerders mag eers 'n uitnodigingskaartjie na die matriekafskeid by die finansële kantoor koop indien hy/sy bewys kan lewer dat alle assesseringstake ingehandig is. Daar mag nie 'n 0-punt aan 'n matrikulant toegeken word nie.
- 14.6 Slegs amptelike mediese sertifikate en ander geldige, billike verskonings, kan leerders vrywaar van strafoplegging. Ouerbriefies en ou, bekende verskonings soos: die taak het in die wasmasjien beland, die hond het dit

opgevrete, of die drukker se ink het nou net opgeraak, dra geen gewig nie, veral omdat leerders lank voor die tyd weet wanneer die taak ingehandig moet word. Die onderwyser het 'n diskresie in dié verband, maar waak teen inkonsekwentheid, dubbele standaarde en afwyking van die gestelde beleid. Spertyd vir inhandiging op die bepaalde dag sal aan die einde van die skooldag wees. Personeel sal voortdurend in die klaskamer die leerders se vordering t.o.v. 'n taak monitor.

14.7 Uitstel van inhandigingsdatums word nie toegelaat nie.

## **15. TOETSE EN EKSAMENS**

15.1 Alle leerders is verplig om hulle aan die toetse en eksamens wat deur die skool aan hulle opgedra word, te onderwerp. Versuim om aan hierdie reël te voldoen, sal slegs in uitsonderlike gevalle verskoon word, mits die ouers van die betrokke leerder op die vroegste moontlike geleentheid 'n volledige en aanvaarbare skriftelike verduideliking aan die skoolhoof oorhandig.

15.2 Tydens toetse en eksamens moet leerders hou by die reëls en regulasies wat vir die spesifieke toetsreeks of eksamen (op skrif) aan hulle uitgedeel word.

15.3 Alle ongerymdhede sal deur 'n ongerymdhede-komitee hanteer word.

## **16. BEWEGING IN EN OM DIE SKOOLGEBOU**

16.1 Leerders moet aan die begin van die skooldag en na pouses binne die toegelate tyd by hul onderskeie lokale opdaag.

16.2 Leerders beweeg vinnig in enkelgelid van die een klas na die volgende. Gesels in groepe gedurende klasruilings is nie toelaatbaar nie. Kleedkamerbesoeke tydens wisseling moet baie vinnig geskied.

16.3 Leerders tree te alle tye buite die opvoeder se klas aan en wag om ingenooi te word.

16.4 Leerders verlaat 'n klas aan die einde van 'n periode slegs nadat die onderwyser die opdrag gegee het.

16.5 Leerders mag nie 'n klas sonder toestemming van die onderwyser verlaat nie.

16.6 Leerders mag nie soggens nadat hulle afgelaai is die skoolterrein verlaat nie.

## **17. SELFONE, I-PODS, MP3 EN ANDER ELEKTRONIESE TOERUSTING**

- 17.1 Selfone en ander elektroniese toerusting is streng verbode tydens toetse, eksamens, akademiese periodes, registerperiode, saal, aantree, toesigklas- se, MBK-periodes en klaswisseling. Oortreding hiervan sal volgens die dissiplinêre stelsel hanteer word.
- 17.2 'n Leerder mag tydens klastyd elektroniese toerusting gebruik slegs wanneer dit 'n direkte opdrag van die onderwyser is en verband hou met 'n spesifieke les of opdrag.
- 17.3 Leerders mag wel selfone gebruik voor skool, tydens pouses en na skool om noodsaaklike reëlings af te handel.
- 17.6 Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir diefstal en/of verlies van selfone en ander elektroniese toestelle nie.

## **18. KLEEDKAMERBESOEKE**

- 18.1 Leerders mag kleedkamers slegs voor skool, na skool, tydens klaswisseling en gedurende pouses besoek.
- 18.2 Uitsonderlike gevalle sal tydens klastyd op meriete hanteer word.
- 18.3 Kleedkamers mag nie gebruik word as 'n plek vir sosialisering nie.
- 18.4 Alle gebruikers van die skool se kleedkamers moet 'n hoë vlak van higiëne handhaaf.
- 18.5 Tydens toetse en eksamens moet leerders hul hou by die reëls en regulasies ten opsigte van kleedkamerbesoeke.

## **19. BESOEKERS**

- 19.1 Alle besoekers moet by ontvangs aanmeld. Leerders mag nie tydens skoolure ongemagtigde besoekers op die skoolterrein ontvang nie.
- 19.2 Afsprake mag nie met personeel gemaak word tydens akademiese tyd nie.

## **20. STIPTELIKHEID**

Leerders moet op die bestemde tyd aan die begin van die skooldag en met die aanvang van enige ander skoolaktiwiteit opdaag. Wanneer leerders laat kom, moet hulle 'n skriftelike verskoning van hul ouers verskaf. Leerders wat laat opdaag, moet eers by die kantoor aanmeld voordat hulle na hul betrokke klasse gaan.

## **21. EET- EN DRINKGOED**

- 21.1 Leerders word aangemoedig om gesond te eet en voldoende vloeistof gedurende die skooldag in te neem.
- 21.2 Verversings mag tydens die volgende tye geniet word: voor skool, na skool, tydens pouses en tydens klaswisseling.
- 21.3 Eet- en drinkgoed is verbode tydens: aantree, saalperiode, registerperiode, akademiese periodes, toesigklasse en gedurende toetse en eksamens.

## **22. AFWESIGHEID VAN SKOOL**

- 22.1 Leerders wat die skool tydens skoolure by 'n bepaalde aktiwiteit verteenwoordig, word as teenwoordig gereken. Die skoolhoof of sy/haar verteenwoordiger moet kennis dra en vooraf toestemming gee vir deelname aan sodanige aktiwiteit.
- 22.2 Afwesigheid van die skool sonder 'n aanvaarbare verskoning word as stukkiesdraai, wat streng verbode is, beskou.
- 22.3 Leerders wat vir een tot drie opeenvolgende dae van die skool afwesig is, moet met hul terugkeer 'n skriftelike verduideliking van hul ouers voorlê. Afwesigheid vir meer as drie opeenvolgende dae sal slegs aanvaar word indien 'n brief deur 'n geregistreeerde mediese praktisyn voorgelê word, buiten in die geval van dood of trauma in die leerder se gesin of om 'n ander rede wat deur die skoolhoof goedgekeur word.
- 22.4 Afwesigheid sonder die nodige inhandiging van bewyse sal ingevolge die dissiplinêre kode gestraf word.

## **23. SKOOLVERLATING GEDURENDE SKOOLURE**

- 23.1 Ouers teken leerders by administrasie uit voordat leerders verskoon word.
- 23.2 Persone wat deur ouers gemagtig is, moet skriftelik bewys lewer van sodanige magtiging.
- 23.3 Leerders wat uitgeteken word by administrasie, ontvang 'n toestemmingsbrief om die terrein te verlaat.
- 23.4 Geen leerder word toegelaat om vergete artikels by die huis te gaan haal tydens skoolure nie.
- 23.5 Dokters- en tandartsafsprake gedurende skoolure moet beperk word tot NOODGEVALLE.
- 23.6 Leerders mag die skoolterrein gedurende skoolure slegs met 'n toestemmingsbriefie van die skool verlaat, wat by sekuriteit ingehandig word.
- 23.7 Leerders mag nie die skool op toets- en eksamendae vroeër verlaat nie.

## **24. OMGEWING**

- 24.1 Leerders het die reg op 'n veilige omgewing en skool wat bevorderlik is vir opvoeding.
- 24.2 Leerders mag nie die skoolterrein of -geboue bemors nie.
- 24.3 Leerders moet respek betoon vir bome en plante op die skoolterrein asook vir die skool se tuine, dekor-items, die gebou self, kleedkamers en meubels.
- 24.4 Leerders wat toeskouers of ondersteuners by enige skoolaktiwiteit is, moet die terrein wat hulle besoek netjies en skoon agterlaat, en moet seker maak dat alle rommel opgeruim en in vullishouers geplaas word.
- 24.5 Leerders moet toilette skoon agterlaat.
- 24.6 Enige optrede of versuim deur leerders wat 'n gesondheidsgevaar vir ander leerders veroorsaak of moontlik kan veroorsaak, moet vermy word.
- 24.7 Geen slagspreuke (graffiti), plakkers, plakkate, kennisgewings, advertensies en dergelike dinge mag sonder die toestemming van die skoolhoof op enige oppervlak by die skool aangebring word nie.

- 24.8 Leerders moet gehoor gee aan die redelike opdragte van die skoolhoof, enige opvoeder, lid van die VRL of 'n ander skoolleier met betrekking tot die handhawing van 'n skoon en higiëniese skoolomgewing.

## **25. MOTORVOERTUIE EN MOTORFIETSE**

- 25.1 Leerders mag nie motorvoertuie of motorfietse op die skoolterrein bring nie, tensy hulle beskik oor die vooraf skriftelike toestemming van die skoolhoof of 'n ander personeellid wat deur die skoolhoof genomineer is, en mits hulle stiptelik aan enige voorwaardes voldoen waaraan gemelde toestemming onderworpe mag wees. Indien 'n leerder nie in besit is van sodanige toestemming wanneer hy/sy deur enige lid van die personeel, beheerliggaam of VRL of 'n skoolleier versoek word om dit te toon nie, sal daar aanvaar word dat hy/sy nie oor sodanige toestemming beskik nie, totdat hy/sy die teendeel kan bewys.
- 25.2 Die bestuur van 'n motorvoertuig of motorfiets deur 'n leerder sodat dit 'n gevaar of moontlike nadeel vir ander leerders op die skoolterrein of ander leerders en lede van die publiek in die onmiddellike omgewing van die skoolterrein inhou, is streng verbode.
- 25.3 Leerders moet te alle tye die verkeersreëls op en om die skoolterrein nakom.
- 25.4 Alle motorvoertuie, motorfiets en fietse word op eie risiko op en om die skoolterrein geparkeer.

## **26. VRYSTELLING VAN BEPALINGS VAN DIE GEDRAGSKODE**

- 26.1 Leerders mag op kulturele, godsdienstige of mediese gronde skriftelik by die beheerliggaam aansoek doen om algehele of gedeeltelike vrystelling van een of meer van die items wat in die gedragskode vervat is.
- 26.2 Die prosedure vir die aansoek om vrystelling is soos volg:
- (a) Daar moet vooraf skriftelik aansoek gedoen word.
  - (b) In gevalle waar leerders daartoe in staat is om self hulle wense te verwoord, moet leerders self aansoek doen, maar hulle ouers se skriftelike onderskrywing by die aansoek insluit.
  - (c) Waar leerders nie daartoe in staat is om self hulle wense te verwoord nie, moet ouers namens leerders aansoek doen.
  - (d) Die skriftelike aansoek moet aandag skenk aan die aspekte in paragraaf 26.3 hieronder uiteengesit.

- (e) Leerders en ouers moet bereid wees om 'n vergadering met die beheerliggaam (of 'n komitee van die beheerliggaam) by te woon ten einde die vrystelling te bespreek.
- (f) Moontlike voorwaardes vir die vrystelling moet in oorleg met leerders/ouers bespreek word ten einde die impak op die gedragskode so ver moontlik te beperk.
- (g) Die beheerliggaam moet kundiges op die gebied van die betrokke geloof of kultuur oor die aard van die bepaalde praktyk raadpleeg.
- (h) Die leerders/ouers moet skriftelik van die beheerliggaam se besluit sowel as enige voorwaardes wat met die vrystelling verband hou, ingelig word.

26.3 By die oorweging van aansoeke om vrystelling sal die Beheerliggaam die volgende aspekte in ag neem:

- (a) die kulturele of godsdienstige praktyk waarop die aansoek gegrond is;
- (b) die belangrikheid van daardie praktyk vir die betrokke leerder;
- (c) of die betrokke praktyk verpligtend of vrywillig is;
- (d) of die betrokke kulturele of godsdienstige gemeenskap dit as 'n praktyk ag wat gewoonlik vrystelling van 'n skoolreël sou regverdig;
- (e) die omvang van die vrystelling wat verlang word (oftewel hoe ver daar van die skoolreëls afgewyk sal moet word); en
- (f) die uitwerking wat die toestaan van vrystelling op die vestiging van die "gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing wat toegewys is aan die bevordering en instandhouding van die gehalte van leerproses", soos uiteengesit in artikel 8 (2) van die Skolewet 84 van 1996, sal hê.

26.4 In geval van die oortreding van enige bepaling in hierdie gedragskode of die skool se koshuisreëls sal die voorgeskrewe dissiplineêre prosedure soos in Deel 2 hieronder uiteengesit, gevolg word.

## **DEEL 2: DISSIPLINE-STELSEL EN PROSEDURE VIR DISSIPLINÊRE OPTREDE TEEN LEERDERS**

### **1 ALGEMEEN**

Dissipline vorm die kern van 'n skool met tradisie. Daarom is dit belangrik om altyd in pas te wees met die reëls van Hoërskool Jan van Riebeck. 'n Leerder moet altyd só leef, speel, leer en ontspan dat hy/sy 'n positiewe invloed op sy/haar maats sal hê.

Die heel beste raad vir leerders: Hou by die Skool se waardesisteem – ken sy Erekode en leef dit uit.

1.1 In geval van die oortreding van enige bepaling in die gedragskode en reëls wat vir leerders voorgeskryf is, moet hierdie dissiplinêre prosedure gevolg word. Vir die toepassing van hierdie dissiplinêre prosedure word wangedrag in drie kategorieë verdeel, naamlik:

1.1.1 akademiese oortredings;

1.1.2 gedrags- en verantwoordelikheidsoortredings;

1.1.3 ernstige wangedrag (soos bedoel in regulasie 3 van die Wes-Kaap Dissipline Regulasies vermeld in 1.2.8 van Deel 1 hierbo)

1.2 In geval van enige wangedrag soos vermeld in 1.1.1 en 1.1.2 hierbo word strafpunte toegeken ooreenkomstig die onderstaande skedules, waarna die verskillende strafaksies en optrede wat daarop kan volg, uiteengesit word. Desnieteenstaande, moet opvoeders hul diskresie gebruik en grondige redes vir nie-voldoening en spesiale omstandighede wat daartoe mag aanleiding gegee het, in ag neem voordat strafpunte toegeken word. 'n Leerder mag, waar hy/sy die toekenning van strafpunte deur enige opvoeder as onbillik beskou, die aangeleentheid met die graadvoog opneem.

1.3 Elke geval van wangedrag word op die voorgeskrewe Wangedragvorm aangeteken en deur die graadvoog, onderwyser en leerder onderteken.

1.4 Vir doeleindes van hantering van wangedrag word oortredings van koshuisreëls as oortredings van die gedragskode beskou, en geld dieselfde



prosedurele vereistes, met die nodige aanpassings na gelang van omstandighede.

1.5 Vir doeleindes van die toepassing van die dissiplinestelsel uiteengesit in hierdie Deel 2 het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wes-Kaapse Skolewet geheg is, die betekenis aldus daaraan geheg en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:

- *Departementshoof* – die hoof van die WKOD;
- *Dissiplinêre Komitee* - 'n komitee saamgestel deur die beheerliggaam ingevolge artikel 30 (1) van die SA Skolewet;
- *Distriksdirekteur* – die senior beampte in 'n distrik van die WKOD;
- *Skorsing* – die tydelike verbod op 'n leerder se bywoning van 'n skool ingevolge paragraaf 5 van hierdie Deel 2;
- *SASW* – die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996;
- *Uitsetting* – die permanente verbod op 'n ingeskrewe leerder se bywoning van die skool deur die Departementshoof, nadat die proses ingevolge die SA Skolewet en die WKOD Dissipline-regulasies gevolg is;
- *WKDR* – die Wes-Kaap Dissipline Regulasies vermeld in 1.1.8 van Deel 1;
- *WKOD* – DIE Wes-Kaap Onderwysdepartement.

1.6 Enige verwysing na die beheerliggaam in hierdie dissiplinêre prosedure sluit die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam in.

## 2. KATEGORIEË VAN OORTREDINGS EN STRAFPUNTE

### 2.1 Akademiese oortredings

1	Huiswerk nie gedoen / onvolledig / onvanpas / tuis vergeet

2	Boeke en toerusting nie by die skool nie
3	Klasglip / daag nie op vir toesigklas / registerklas nie
4	Klasontwrigting
5	Huiswerk afskryf
6	Afskryf van assesseringstake
7	Laat inhandiging van assesseringstake

## 2.2 Gedrags- en verantwoordelikheidsoortredings

8	Praat aanhoudend by saal/aantree en ander byeenkomste
9	Eet / drink in die klas / kou van kougom
10	Laatkom by skool/klas/saal/graadopening, ens. sonder geldige rede
11	Leerling sonder toestemming buite klas
12	Bemors terrein, strooi van rommel
13	Ondermyning en uittarting van gesag van VRL en Matriekraad
14	Ignoreer instruksies
15	Verkeerde skooldrag/onnette en stukkende skooldrag
16	Verkeerde plek op skoolterrein
17	Dokumentasie nie terug nie
18	Afwesig van skool sonder rede (afwesigheidsbrief)
19	Afwesig sonder verskoning by buitemuurse oefeninge
20	Hare / naels / grimering / baard / juwele
21	Skiet van klappers / stinkbomme
22	Kwetsende aanmerkings / spoeg / vloek / vuil taal
23	Ondermyning en uittarting van volwassenes se gesag
24	Vryery op skoolgronde
25	Afknoery en intimidasie van ander leerders, verbaal, fisies of d.m.v. sosiale media

26	Graffiti op mure / banke / terrein / skooltas /skoolskoene
27	In teenwoordigheid van gebruikers van alkohol, dwelms, nikotien en ander onwettige middels
28	In besit van sigarette of e-sigarette
29	Leuens en ander oneerlikheid
30	Versuim om vir `n wedstryd, kompetisie of optrede op te daag.
31	Beskadiging van skool/leerlinge se eiendom of toerusting (vandalisme)
32	Wangebruik van kleedkamers
33	Ongemagtigde gebruik van selfone / iPod / MP3 / tablette tydens skoolure
34	Versuim om vir detensie op te daag
35	Skaad die beeld van die skool d.m.v. gedrag, insluitend bv. drankgebruik na skoolure in skooldrag of enige wangedrag in skooldrag in enige openbare plek
36	Afwesigheid van skool sonder rede ("stokkiesdraai") gedurende skoolure
37	Rook by skool of buite die skool in skooluniform, of by enige skoolgeleentehede buite die skool, hetsy in skooluniform of privaatdrag
38	Bakleiry
39	Roekelose of onbedagsame bestuur op skoolterrein

### 2.3 Ernstige wangedrag wat tot skorsing of uitsetting kan lei, soos omskryf in die WKOD Dissipline Regulasies (WKDR Regulasie 3)

40	Die gebruik of besit van enige gevaarlike voorwerpe of toestelle
41	Die gebruik van alkoholiese drank of onwettige dwelms, of die besit of verkoop daarvan of handeldryf daarin/verspreiding daarvan
42	Pleging van 'n daad van afknouery of aanranding, waarby inbegrepe is viktimisasie van mede-leerders / onderwysers
43	Diefstal, brandstigting of kwaadwillige beskadiging van eiendom
44	Pleging van 'n daad van blatante ongehoorsaamheid
45	Hom of haar skuldig maak aan immorele gedrag, inbegrepe geskrewe of mondelinge onweloweglikhede (insluitend gebare)
46	In besit wees of gebruikmaking van, of verspreiding of uitruil van enige ongemagtigde afskrif van 'n toets- of eksamenvraestel, kul of pleging van 'n ongerymdheid in 'n toets of eksamen
47	Omkoping van enige persoon of enige poging daartoe, met die doel om vir die leerder self of enige ander persoon in die posisie te plaas om 'n onbillike voordeel te kan verkry
48	Gebruik van haatspraak of hom/haarself skuldig maak aan rassisme of sekssisme
49	Seksuele teistering, in besit wees van pornografiese materiaal of dit versprei of deelneem aan enige daad van openbare onsedelikheid
50	Die veiligheid van medeleerders of opvoeders in gevaar stel of bedreig
51	Die skoolprogram ontwig of die regte van ander skend
52	Homself of haarself valslik identifiseer of bewustelik en opsetlik valse inligting verskaf of dokumentasie vervals om onbillike voordeel by die skool te verkry, inbegrepe bv. verandering van inligting op amptelike dokumente of punte op rapport

53	Herhaaldelik skuldig bevind word aan oortredings van die leerdergedragskode
54	Homself of haarself, na die mening van die beheerliggaam, op 'n skandelige, onbehoorlike of onbetaamlike wyse gedra.

### 3. DISSIPLINÊRE PROSEDURES

#### 3.1 Akademiese, gedrags- of verantwoordelikheidsoortredings (prosedure wat deur die skool toegepas moet word)

Ten opsigte van enige Akademiese, Gedrags- of Verantwoordelikheidsoortredings in 2.1 of 2.2 beskryf, geld die prosedure hieronder uiteengesit.

3.1.1 Wanneer die onderstaande totale strafpunte teen 'n leerder opgebou het, volg die optrede daarnaas genoem:

PUNTE	OPTREDE
100	Kontak ouers - 1 <sup>ste</sup> detensie
200	Kontak ouers - 2 <sup>de</sup> detensie
300	Kontak ouers - 3 <sup>de</sup> detensie
400	Kontak ouers - 4 <sup>de</sup> detensie Graadvoog: onderhoud met ouers en plan van aksie. Terugvoer aan betrokke personeel.
700	Dissiplinêre gesprek met leerder en ouers – gevoer deur skoolhoof, adjunkhoof, graadvoog en, waar toepaslik geag, vakonderwyser/s ( <i>die interne skoolpaneel</i> ) Terugvoer aan betrokke personeel.
800	Dissiplinêre gesprek met leerder en ouers – gevoer met interne skoolpaneel en, op uitnodiging, 'n lid of lede van die beheerliggaam, en daarna oplegging van enige van die strawwe/sanksies in 3.2 genoem. Terugvoer aan betrokke personeel.

met dien verstande dat:

- (a) 'n leerder wat sonder geldige verskoning 3 of meer detensies nie bygewoon het nie, verplig mag word om enige eksamen/s of toetse, apart van die klas en na-ure te skryf, gepaard met monitering dat eksamendae ten volle bygewoon word;
- (b) In geval van veroorsaking van skade die leerder bykomend gelas mag word om 'n betaling t.o.v. die skade te maak of beskadigde eiendom te herstel of te vervang soos in 3.1.2 hieronder bepaal.

3.1.2 Wanneer 'n totaal van 800 strafpunte teen 'n leerder opgebou het, kan enige van die volgende strawwe/sanksies, of 'n kombinasie daarvan, na goeëdunke van die interne skoolpaneel en, waar van toepassing, die lid/lede van die beheerliggaam, opgelê word:

- (a) Gemeenskapsdiens
- (b) Opskorting van deelname aan skoolaktiwiteite
- (c) Uitsluiting van deelname aan sosiale aktiwiteite
- (d) Ooreengekome bekostigbare betaling i.g.v. skade veroorsaak
- (e) Die herstel of vervanging van beskadigde eiendom
- (f) Ontheffing van merietetoekennings, bv. kleure, erekleure
- (g) Ontheffing van leierskap- en ander toekennings. In die geval van oortredings deur lede van die VRL en ander skoolleiers: saam met of as alternatief vir bogenoemde, skorsing van pligte vir 'n tydperk van tot 6 (ses) weke, of afdanking of permanente verwydering uit die VRL of 'n ander leiersamp in die skool;
- (h) Opskorting of gedeeltelike opskorting van enige van bostaande sanksies, onderworpe aan voorwaardes opgelê oor die omstandighede waaronder die opgeskorte sanksie/s in werking gestel sal word.

met dien verstande dat, in geval van enige verdere oortreding van die Gedragskode na sodanige strafoplegging, besluit mag word om die saak sonder meer vir 'n dissiplinêre verhoor te verwys.

## **3.2 Ernstige wangedrag (Prosedure wat deur die skool en die beheerliggaam toegepas moet word in terme van die weskamp dissipline regulasies (WKDR Regulasie 2 – 10), die SA Skolewet, ander toepaslike wetgewing en voorskrifte**

Ten opsigte van Ernstige Wangedrag in paragraaf 2.3 beskryf, geld die prosedure hieronder uiteengesit.

### **3.2.1 Onderzoek na moontlike ernstige wangedrag (WKDR reg. 2)**

1. Waar daar bewerings is dat die optrede van 'n leerder beskou kan word as ernstige wangedrag soos bedoel in 2.3 van hierdie Deel 2, moet die bewering onder die aandag van **die skoolhoof** gebring word, wat dan:
  - a. ondersoek moet instel of moet sorg dat ondersoek ingestel word om te bepaal of daar gronde bestaan vir 'n dissiplinêre verhoor; indien na sy oordeel nodig, kan hy 'n ondersoekbeampte vir dié doel aanstel;
  - b. moet besluit of daar genoegsame getuienis is om dissiplinêre prosedures teen die leerder ten opsigte van die ernstige wangedrag in te stel en of dit nodig is om die saak by die beheerliggaam aan te meld vir 'n dissiplinêre verhoor.
2. Indien die skoolhoof se gevolgtrekking na afhandeling van die ondersoek is dat daar nie genoegsame getuienis is nie en hy besluit om die saak nie by die beheerliggaam vir 'n dissiplinêre verhoor aan te meld nie, word die aangeleentheid verder deur die skoolhoof in oorleg met die graadvoog en adjunkhoof hanteer. In daardie geval het hulle die bevoegdheid om enige van die strawwe/sanksies in 3.2 uiteengesit, of enige kombinasie daarvan, op te lê.
3. Waar die skoolhoof se gevolgtrekking na afhandeling van die ondersoek is dat daar wel genoegsame getuienis is, en hy besluit om die saak by die beheerliggaam vir 'n dissiplinêre verhoor aan te meld, word die aangeleentheid verder, ooreenkomstig die bepalings

van paragraaf 5 en volgende hierna, deur **die beheerliggaam** hanteer.

4. Die beheerliggaam mag, op redelike gronde en as voorsorgmaat-reël, die leerder wat van ernstige wangedrag verdink word, van skoolbywoning skors vir 'n tydperk van hoogstens 7 (sewe) skool-dae.
5. Die beheerliggaam moet:
  - a. die leerder en die ouers van die leerder in kennis stel van die voorneme om te skors en die redes daarvoor;
  - b. die leerder en die ouers van die leerder 'n redelike geleentheid bied om verhoë te rig aan die beheerliggaam insake sodanige skorsing;
  - c. die besluit om die leerder te skors aan die Distriksdirekteur rapporteer, wat 'n register van alle sodanige skorsings moet hou.
6. Die beheerliggaam moet dissiplinêre prosedures instel teen die leerder op die wyse soos bedoel in artikel 8 van die SA Skolewet binne 7 (sewe) skooldae na die skorsing van sodanige leerder.
7. Indien dissiplinêre prosedures nie binne 7 (sewe) skooldae na die skorsing van die leerder ingestel is nie, moet die beheerliggaam die goedkeuring van die Departementshoof verkry vir die voortgesette skorsing van sodanige leerder.

### **3.2.2 SKORSING VAN LEERDER (WKDR reg. 4)**

1. 'n Beheerliggaam mag 'n leerder slegs uit die skool skors:
  - (a) as voorsorgmaatreël op die wyse soos bepaal in paragraaf 3.2.1(4) vir 'n tydperk van hoogstens 7 (sewe) skooldae (reg 2 (2));
  - (b) as korrektiewe maatreël soos bepaal in paragraaf 3.2.5 (B(i)) vir 'n tydperk van hoogstens 14 (veertien) skooldae (reg 7(4)(i))



- (c) in afwagting op die besluit van die Departementshoof oor die aanbeveling oor uitsetting op die wyse soos bepaal in paragraaf 3.2.6(2), vir 'n tydperk van hoogstens 14 (veertien) skooldae (reg 8(2))
- 2. Die totale tydperk van skorsing van 'n leerder uit die skool moet nie langer as 21 skooldae wees nie.
- 3. Die beheerliggaam moet die besluit om die leerder te skors, asook die aard van die skorsing, aan die Distriksdirekteur rapporteer, wat dit sal aanteken in 'n register van alle skorsings.

### **3.2.3 Kennisgewing aan leerder en ouer van dissiplinêre verhoor (WKDR Reg.5)**

- 1. Die beheerliggaam, of die dissiplinêre komitee wat vir die dissiplinêre verhoor deur die beheerliggaam aangestel is, moet die leerder sowel as die ouers van die leerder skriftelik in kennis stel dat dissiplinêre prosedures teen die betrokke leerder ingestel gaan word.

Die kennisgewing moet :

- a. Ten minste 5 (vyf) skooldae kennis gee voor die verhoor plaasvind;
- b. Die leerder en die ouers van die leerder in kennis stel dat dissiplinêre prosedures teen die leerder ingestel sal word;
- c. voldoende gegewens van die datum, tyd, plek en aard van die beweerde ernstige wangedrag bevat om die leerder in staat te stel om die insident te identifiseer en by die dissiplinêre verhoor daarop te reageer;
- d. die datum, tyd en plek van die dissiplinêre verhoor verstrek;
- e. die leerder adviseer aangaande sy of haar reg om:

- (i) vergesel te wees en by die verhoor verteenwoordig te word deur sy of haar ouer(s) of deur 'n verteenwoordiger van sy of haar ouers se keuse;
  - (ii) toegang te vra tot dokumente of inligting wat as getuienis voorgelê is; en
  - (iii) vrae te stel, kruisondervraging te doen, getuienis te lei, getuies te roep en dokumentêre bewys te lewer om kwessies aangaande die bewerings uit te klaar;
- f. die leerder (waar van toepassing), van die voorkomende skorsing en die aard van die akademiese ondersteuning wat, voor die dissiplinêre verhoor en tydens die periode van skorsing deur die skool verskaf moet word, inlig, soos bedoel in 3.2.1(4).
2. Die skoolhoof moet ten minste 5 (vyf) skooldae voor die aanvang van die verhoor : (1) die kennisgewing aan die leerder oorhandig; en (2) 'n afskrif daarvan aan die ouers van die leerder laat aflewer by die adres van die leerder aangedui in die skool se toelatingsregister of die leerderprofiel.

#### **3.2.4. Aanstelling en samestelling van dissiplinêre komitee (WKDR reg. 6)**

1. Die beheerliggaam moet voorsit tydens die dissiplinêre prosedures of 'n dissiplinêre komitee aanstel vir hierdie doel.
2. Die dissiplinêre komitee moet bestaan uit ten minste vyf persone waarvan ten minste drie persone beheerliggaamlede moet wees.
3. Die dissiplinêre komitee moet 'n lid van die beheerliggaam, aangewys deur die beheerliggaam, wat nie 'n werknemer of lid van die skoolpersoneel is nie, as voorsitter hê.
4. Die dissiplinêre komitee moet onpartydig en billik wees en optree sonder gunsbetoning of vooroordeel.
5. Die skoolhoof, leerders by die skool of persone wat 'n botsing van belange het, is nie geregtig om as lede van die dissiplinêre komitee

te dien nie en mag nie teenwoordig wees wanneer die beheerliggaam die verslag of aanbevelings van die dissiplinêre komitee bespreek nie.

### **3.2.5 Dissiplinêre verhoor**

**A. SA Skolewet Art 5 (b), art 6 – 9** bepaal as volg met betrekking tot die dissiplinêre verhoor:

1. 'n Leerder moet by dissiplinêre verrigtinge deur sy of haar ouer of 'n persoon deur die ouer aangewys, vergesel word, tensy afdoende redes deur die beheerliggaam aangevoer kan word vir die voortsetting van die verrigtinge in die afwesigheid van die ouer of die persoon deur die ouer aangewys. (SASW art 8 (6))
2. Wanneer dissiplinêre verrigtinge voor enige beheerliggaam hangende is en dit vir sodanige beheerliggaam voorkom dat dit 'n getuie onder die ouderdom van 18 jaar aan onbehoorlike geestelike spanning of lyding sal blootstel indien hy of sy tydens die verrigtinge getuienis lewer, kan die beheerliggaam of dissiplinêre komitee, indien doenlik, 'n bevoegde persoon as tussenganger aanstel ten einde die getuie in staat te stel om sy of haar getuienis deur daardie tussenganger te lewer. (SASW art 8(7) – 8(9)).
3. Leerders wat by dissiplinêre verrigtinge betrokke is, sal ook geregtig wees op ondersteuning, advies en berading deur opvoeders of 'n ander persoon wat vir daardie doel deur die skoolhoof of die beheerliggaam aangewys is, indien nodig, met dien verstande dat sodanige opvoeder of ander aangewysde persoon nie die leerder by die dissiplinêre verhoor mag bystaan tensy die ouer van die leerder die opvoeder of ander aangewysde persoon daartoe magtig nie. (SASW art 5(b))

**B. Wes-Kaap Dissipline regulasie 7 (soos aangepas)** bepaal soos volg met betrekking tot die dissiplinêre verhoor:

1. By die dissiplinêre verhoor het die leerder die reg om teenwoordig te wees, om verteenwoordig te word, om getuienis te lewer en, óf persoonlik óf deur 'n verteenwoordiger:
  - (a) sy of haar saak te stel ;
  - (b) getuies te roep;
  - (c) vrae te stel aan enige persoon wat as getuie geroep is ter ondersteuning van 'n aanklag; en
  - (d) dokumente te inspekteer wat as getuienis voorgelê is.
  
2. Indien 'n leerder of sy of haar ouers sonder 'n geldige rede versuim om die dissiplinêre verhoor by te woon, kan die verhoor, nadat dit 'n tweede keer saamgeroep is, in hulle afwesigheid gehou word.
  
3. Die voorsitter moet aan die begin van die dissiplinêre verhoor die redes vir die dissiplinêre verhoor verduidelik, versoek dat die aanklag of aanklagte gelees word en die leerder versoek om op die aanklag te pleit.
  
4. **Indien die leerder skuldig pleit**, moet die voorsitter:
  - a. seker maak dat die leerder weet en verstaan waarop hy of sy skuldig pleit;
  - b. die leerder, die verteenwoordiger en die ouers van die leerder vra of enigeen versoë wil rig voor 'n gepaste straf bepaal word;
  - c. die leerder, die verteenwoordiger en die ouers van die leerder en enige ander partye, behalwe die lede van die dissiplinêre komitee, versoek om die kamer te verlaat terwyl die komitee oor 'n gepaste straf oorleg pleeg;
  - d. seker maak dat die dissiplinêre komitee op 'n gepaste straf besluit, soos in 7 hieronder voorsien;
  - e. verseker dat die dissiplinêre komitee, na die skuldigbevinding van die leerder aan ernstige wangedrag, besluit of:

- (i) die leerder geskors behoort te word vir 'n tydperk van hoogstens 7 (sewe) skooldae;
  - (ii) enige ander strafmaatreël bedoel in die gedragskode vir leerders van die skool vir ernstige wangedrag aan die leerder opgelê moet word; of
  - (iv) 'n aanbeveling aan die Departementshoof gedoen moet word om die leerder uit te sit; en
- f. Die leerder, verteenwoordiger en ouer(s) van die leerder terugroep en in kennis stel van die aanbevelings wat aan die beheerliggaam voorgelê sal word.

5. **Indien die leerder onskuldig pleit**, moet die voorsitter:

- a. versoek dat die ondersoekverslag voorgelees word en getuienis aangebied word ter ondersteuning van die aanklag, wat insluit die roep van die klaer en getuies waar van toepassing;
- b. aan die leerder, verteenwoordiger en ouers van die leerder die geleentheid bied om vrae te stel aan die klaer en die getuies met die doel om getuienis te weerlê;
- c. komitee dele toelaat om vrae te stel om onduidelikhede op te klaar, waar van toepassing;
- d. die leerder 'n geleentheid bied om sy of haar saak te stel en getuies te roep;
- e. komitee dele toelaat om vrae te stel vir duidelikheid;
- f. die leerder, verteenwoordiger en ouers van die leerder verskoon terwyl die komitee getuienis in oorweging neem en op die uitspraak besluit; en
- g. die leerder, verteenwoordiger en ouer(s) van die leerder terugroep en hulle inlig aangaande die bevinding van die dissiplinêre komitee.

6. Indien die dissiplinêre komitee die leerder skuldig bevind, moet die voorsitter:

- (a) geleentheid aan die leerder of sy of haar verteenwoordiger of ouers van die leerder gee om getuienis ter strafversagting aan te bied en verhoë te rig, en ook geleentheid gee vir getuienis ter strafverswaring deur enige belanghebbende party, voordat 'n besluit oor die gepaste straf geneem word; en
  - (b) die leerder, die verteenwoordiger en die ouers van die leerder en enige ander partye, behalwe die lede van die dissiplinêre komitee, versoek om die kamer te verlaat terwyl die komitee oor oplegging van 'n gepaste straf oorleg pleeg.
7. Die dissiplinêre komitee moet dan bbesluit op 'n gepaste strafbepaling na inagneming van al die getuienis en verhoë en besluit of:
- (a) die leerder geskors behoort te word vir 'n tydperk van hoogstens sewe skooldae;
  - (b) enige ander strafmaatreël bedoel in die gedragskode vir leerders van daardie skool vir ernstige wangedrag aan die leerder opgelê moet word; of
  - (c) 'n aanbeveling aan die Departementshoof gedoen moet word om die leerder uit te sit.
8. Die leerder, verteenwoordiger en ouers van die leerder moet dan teruggeroep word en in kennis gestel word van die aanbeveling wat aan die beheerliggaam voorgelê sal word.
9. By ontvangs deur die beheerliggaam van die dissiplinêre komitee se aanbeveling rakende 'n gepaste strafbepaling, moet die beheerliggaam die aanbeveling oorweeg, en-
- (a) indien die beheerliggaam met die aanbeveling saamstem, die aanbeveling bekragtig;
  - (b) indien die beheerliggaam wesenlik met die aanbeveling saamstem, maar nie-wesenlike wysigings aan enige aspek daaraan wil maak, die aanbeveling, soos gewysig deur die nie-wesenlike wysigings bekragtig en aanvaar; of
  - (c) indien die beheerliggaam wesenlik verskil met die aanbeveling, die aanbeveling na die dissiplinêre komitee terugverwys vir heroorweging en

inagneming van die besware van die beheerliggaam, waarna die dissiplinêre komitee die aanbeveling moet heroorweeg met inagneming van die beheerliggaam se besware. Die bepaling van paragraaf (8) hierbo is dan weer van toepassing op die heroorweegde aanbeveling van die dissiplinêre komitee, met dien verstande dat die beheerliggaam nie weer die aanbeveling aan die dissiplinêre komitee hoef terug te verwys indien hulle wesenlik daarmee verskil nie, en in sodanige geval moet die beheerliggaam 'n besluit oor die strafbepaling neem en die leerder en sy of haar ouers skriftelik verwittig van die besluit volgens paragraaf 10 hieronder.

10. Die leerder of sy of haar ouers moet verder skriftelik ingelig word van die besluit van die beheerliggaam of hy of sy aan ernstige wangedrag skuldig bevind is al dan nie, en die strafbepaling ingestel.

(LET WEL: Die dissiplinêre komitee sal geregtig wees om vir 'n redelike tyd te verdaag om te besluit of die leerder skuldig bevind word al dan nie. Indien die leerder wel skuldig bevind word, sal die komitee weer geregtig wees om vir 'n redelike tydperk te verdaag ten einde 'n gepaste straf te oorweeg.

## **C. REKORDHOUDING**

Die beheerliggaam moet behoorlik van die dissiplinêre verrigtinge rekord hou. Vir hierdie doel kan die beheerliggaam 'n persoon aanwys om die verrigtinge te notuleer of elektronies op te neem. Daardie persoon maak nie deel van die dissiplinêre komitee uit nie.

### **3.2.6 AANBEVELING VAN UITSETTING DEUR BEHEERLIGGAAM (WKDR reg 8)**

1. (a) Waar die beheerliggaam by die Departementshoof aanbeveel dat 'n leerder uitgesit moet word, moet die ouers van die leerder skriftelik in kennis gestel word van die besluit van die beheerliggaam.
- (b) Waar 'n beheerliggaam 'n leerder skors van skoolbywoning, met die aanbeveling van uitsetting aan die Departementshoof, moet die beheerliggaam die skoolhoof opdrag gee om die volgende binne 3 (drie) skooldae aan die Departementshoof voor te lê:

- (i) die notules van vergaderings waarop die besluit geneem is;
  - (ii) enige geskrewe vertoë wat deur die leerder of ouers van die leerder of verteenwoordiger gerig is, en
  - (iii) die volledige rekord van die prosedures gevolg deur die dissiplinêre komitee of beheerliggaam.
2. Die beheerliggaam mag die uitsetting van 'n leerder opskort of verleng vir 'n periode van hoogstens 14 (veertien) dae, hangende die besluit van die Departementshoof.
  3. Die Departementshoof moet die aanbeveling van die beheerliggaam oorweeg en besluit of 'n leerder binne 14 (veertien) dae vanaf ontvangs van sodanige aanbeveling uitgesit moet word.
  4. Indien die Departementshoof besluit om nie die leerder uit te sit nie, mag die Departementshoof, na konsultasie met die beheerliggaam, 'n gepaste strafbepaling vir die leerder oplê, wat deur die beheerliggaam geïmplementeer moet word.
  5. Indien die Departementshoof besluit om nie 'n strafbepaling vir die leerder op te lê nie, moet die Departementshoof die saak terugverwys na die beheerliggaam vir 'n alternatiewe strafbepaling, ingevolge die gedragskode.
  6. Die beheerliggaam en die ouers van die leerder moet onmiddellik skriftelik in kennis gestel word van die besluit van die Departementshoof, met goeie gronde aangevoer.
  7. Die kennisgewing soos bedoel in paragraaf 3.2.6(6) hierbo, moet insluit 'n verwysing na die reg tot appèl na die Provinsiale Minister, indien die Departementshoof 'n leerder uitsit.

### **3.2.7 APPÈL (WKDR reg. 9)**

1. 'n Leerder wat uit die skool gesit is of 'n ouer van so 'n leerder, mag appèl aanteken teen die besluit van die Departementshoof by die Provinsiale Minister, binne 14 dae van ontvangs van die kennisgewing van uitsetting.



2. 'n Afskrif van die kennisgewing om appèl aan te teken soos bepaal in paragraaf 3.2.7(1) moet ook by die kantoor van die Departementshoof en die voorsitter van die beheerliggaam ingedien word.
3. Indien 'n appèl ingevolge paragraaf 3.2.7(1) van 'n leerder wat uit die skool gesit is, deur die Provinsiale Minister gehandhaaf word, moet die Provinsiale Minister verseker dat 'n geskikte straf aan die leerder opgelê word binne 14 (veertien) dae van die datum waarop die appèl gehandhaaf is.
4. Vir doeleindes van die oplegging van 'n geskikte straf soos in paragraaf 3.2.7(3) bedoel, is die bepalings van paragrawe 3.2.6(4) en 3.2.6(5) van toepassing met die veranderinge soos vereis deur die konteks.

### **3.2.8 TOEGANG TOT ONDERWYS NA UITSETTING (WKDR reg. 10)**

1. Indien 'n leerder, wat onderhewig is aan skoolplig ingevolge artikel 3 van die SA Skolewet, uit 'n skool gesit word, moet die Departementshoof 'n alternatiewe reëling vir sy of haar plasing by 'n ander skool tref.
2. In die geval van 'n leerder wat uit die skool gesit word en nie skoolpligtig is nie, moet die ouers van die leerder alternatiewe reëlings vir sy of haar plasing by 'n ander skool tref en mag die Distriksdirekteur versoek om hulle hierin by te staan.
3. Indien 'n leerder appèl ooreenkomstig die bepalings van paragraaf 3.2.7 aangeteken het, moet hy of sy, hangende die uitkoms van die appèl, toegang tot onderwys gegee word op die wyse bepaal deur die Departementshoof na oorlegpleging met die skoolhoof.
4. By die bepaling van 'n alternatiewe reëling vir plasing soos bedoel in paragraaf 3.2.8(1), of die wyse van toegang tot onderwys soos bedoel in paragraaf 3.2.8(3):
  - (a) moet die Departementshoof redelike maatreëls tref om die regte van ander leerders by die skool te beskerm; en
  - (b) mag die Departementshoof 'n alternatiewe manier waarop onderwys aan die leerder verskaf kan word, soos bedoel in paragraaf 3.2.8(1) oorweeg, wat mag insluit:

- (i) die versekering dat die leerder toegelaat word tot 'n ander skool in die provinsie;
- (ii) dat van die leerder verwag word om berading te ontvang (sien regulasie 10(4)(ii) en (iii))

5. Enige leerder wat uit 'n skool gesit word tydens die laaste kwartaal van 'n jaar, moet die geleentheid gegun word om die finale eksamens te skryf van die jaar waarin hy of sy uitgesit is, op voorwaarde dat sodanige leerder deur die skoolhoof van die skool versoek mag word om die eksamen in 'n lokaal, afsonderlik van die leerders van die skool wat hy of sy bygewoon het tydens sy of haar uitsetting, te skryf.

### **3.3 OORTREDING VAN KOSHUISREËLS**

- (1) Vir doeleindes van hantering van wangedrag word oortredings van koshuisreëls as oortredings van die gedragskode beskou (soos gestipuleer in paragraaf 1.4 en 1.6 hierbo) en geld dieselfde prosedurele vereistes, met die nodige aanpassings na gelang van die omstandighede.
- (2) Na afloop van 'n verhoor waarin enige leerder aan die oortreding van koshuisreëls skuldig bevind word, mag die beheerliggaam:
  - (a) enige van die mindere strawwe oplê waarvoor in hierdie gedragskode voorsien word, of
  - (b) die leerder vir enige gepaste tydperk van koshuisinwoning skors, of
  - (c) die leerder uit die koshuis sit.

### **3.4 STRAFREGTELIKE OORTREDING**

Ondanks enige skuldigbevinding en strafmaatreël wat deur die beheerliggaam opgelê word, kan enige belanghebbende enige oortreding van die gedragskode wat op 'n strafregtelike oortreding kan neerkom, vir ondersoek na die Suid-Afrikaanse Polisie diens verwys.

## **DEEL 3: ETTIEKKODE**

Daar sal van elke leerder verwag word om aan die begin van elke akademiese jaar opnuut die volgende Etiekkode te onderteken nadat hy/sy kennis geneem het van die inhoud van die Gedragskode en Dissiplinestelsel:

---

### **ETIEKKODE**

1. Ek, \_\_\_\_\_, verbind my plegtig tot die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, en onderneem om die reg en die regstelsel te respekteer, te onderhou en te bevorder.
2. Ek het kennis geneem van die gedragskode vir leerders van Hoërskool Jan van Riebeeck soos deur die Beheerliggaam goedgekeur.
3. Ek verbind my daartoe om:
  - hierdie gedragskode en al die reëls en regulasies van Hoërskool Jan van Riebeeck getrou na te kom;
  - hoë morele en etiese standaarde te handhaaf;
  - daarna te streef dat my optrede altyd verantwoordelik en ter bevordering van die skool se goeie naam sal wees;
  - my skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding te doen;
  - die nodige hoflikheid en respek teenoor alle personeel, medeleerders, ouers en besoekers te betoon; en
  - die geboue, klaskamers, skooltoerusting, sportfasiliteite en tuine met respek te behandel en nie te beskadig nie.
4. Ek onderwerp my aan alle toepaslike dissiplinêre maatreëls indien ek sou versuim om enige bepaling of maatreël in die skool se gedragskode na te kom.

**GETEKEN te KAAPSTAD op hierdie \_\_\_\_\_ DAG VAN**  
\_\_\_\_\_ **20**\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_  
**LEERDER**

**SERTIFISERING VAN AANVAARDING VAN GEDRAGSKODE DEUR  
BEHEERLIGGAAM**

Hiermee word gesertifiseer dat hierdie gedragskode vir leerders van Hoërskool Jan van Riebeeck ingevolge art 8 van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 deur die skoolbeheerliggaam aanvaar is

**GETEKEN te \_\_\_\_\_ hierdie \_\_\_\_\_ dag van \_\_\_\_\_ 2017.**

\_\_\_\_\_  
**G. YSSEL  
VOORSITTER:  
BEHEERLIGGAAM**

\_\_\_\_\_  
**A FRANKEN  
SKOOLHOOF**